• Om van hulle verantwoordelikhede weg te kom (Genesis 4:6-7) _____

• Om ander mense skade aan te doen. (Genesis 39: 10-20) _____

Is hier 'n ander motivering? _____

• Om onregverdige voordeel te kry. _____

_____ (Handelinge 5:1-11)

• 'n Noodleuen. (Eksodus 1:19, Josua 2:5)

_____

Waarom mag kinders van die Here nie lieg nie?

• Dis 'n kenmerk van die Satan. Johannes 8:44; Handelinge 5:3 _____

• God haat leuens. (spreuke 6:16-19) ___

_____

• Dis 'n kenmerk van die ou mens. Kolossense 3:9, 10; Galasiërs 2:19-20; Romeine 6 _____

• Dis sonde om te lieg. (1Timoteus 1:9, 10; Openbaring 21:8) _____

Wat verwag God van ons aan die einde van hierdie studie?



Mens tot mens

Ondersteun mekaar en bid vir mekaar in julle voorneme om die waarheid te praat en slegs die waarheid in alle omstandighede.

Maak 'n ooreenkoms met mekaar om by die volgende geleentheid terugvoer te gee van julle vordering.

The lie

First, somebody told it, Then the room couldn't hold it,
So the busy tongues rolled it Till they got it outside.
Then the crowd came across it, And never once lost it,
But tossed it and tossed it, Till it grew long and wide.
This lie brought forth others, Dark sisters and brothers,
And fathers and mothers — A terrible crew.
And while headlong they hurried, The people they flurried, And troubled and worried, As lies always do.
And so evil-bodied, This monster lay goaded,
Till at last it exploded In smoke and in shame.
Then from mud and from mire The pieces flew higher,
And hit the sad victim And killed a good name.

Praat die waarheid!

Nederduitste
Gereformeerde Gemeente
Middelburg



Mens tot mens

Deel julle hartseer en vreugdes in die groep.

Wat is die mees kreatiewe leuen wat jy nog gehoor het?



Mens tot God

Vra iemand om voor te gaan in gebed.

Sing die volgende twee verse van Gesang 476 saam.

207 Eer aan die Vader

\- -

1. Eer aan die Vader, wat alles gemaak het;
eer aan die Seun, ons Verlosser en Vriend;
eer aan die Gees wat ons lei in die waarheid
aan God Drie-enig ons lof en ons lied.

Ere aan God! Die Heer van alle here
woon ook in ons deur sy Woord en sy Gees
Gee ons die liefde, geloof en vertroue
om u gehoorsame kinders te wees.

2. Heiland, aan U al ons dank en aanbidding
U het kom soek, ons van sonde gered.
Deur u verdienste kom ons na die Vader;
hoor Hy sy kinders se lied en gebed.



God tot mens

Lees Matteus 5: 33-37

Jeremia 9:1-9 Ag, was my kop maar vol water en my oë 'n fontein met trane, dan sou ek dag en nag huil oor my volksgenote wat gesneuwel het. 2Ag, was daar maar in die woestyn 'n herberg dat ek my volk hier kon agterlaat en van hulle af kon weggaan daarnatoe. Hulle is almal egbrekers, 'n klomp ontrou mense. 3Hulle woorde tref mense soos pyle: bedrog het die oorhand in die land, nie die waarheid nie. Hulle gaan van kwaad tot erger, en My ken hulle nie, sê die Here. 4 Wees selfs vir 'n vriend op jou hoede, moenie eens 'n broer vertrou nie. Elke broer is 'n onderkruiper en elke vriend 'n kwaadsteker. 5 Hulle bedrieg mekaar, hulle praat nooit die waarheid nie, hulle is gewoond om te lieg, hulle kan nie ophou sonde doen nie.6 Verdrukking volg op verdrukking, bedrog op bedrog, hulle weier om My te erken, sê die Here. 7 Daarom, so sê die Here die Almagtige, sal Ek hulle deur die smeltkroes laat gaan. Hoe kan Ek anders maak met my volk? 8Hulle tong is 'n dodelike pyl, dit lieg en bedrieg. Hulle praat met mekaar asof niks verkeerd is nie, maar in hulle binneste beplan hulle mekaar se ondergang. 9Sou Ek nie hieroor rekenskap van hulle eis nie? sê die Here. Sou Ek My nie wreek op so 'n nasie nie?

God verwag dat Sy kinders die waarheid sal praat.

Efesiërs 4:25_____

Filippense 4:8 _____

Hoe sou jy 'n leuen definieer? _____

_____

Matteus 28:12, 13 _____

Skynheiligheid en huigelary.

Matteus 23:27 _____

Selfbedrog.

Galasiërs 6:3 (:4) _____

1Korintiërs 10:12b _____

Waarom lieg mense?

- Vrees vir mense. _____

_____